

Jy ontvang twee bladsye waarop jy vir die volgende twee weke dagboekinskrywings moet maak. Elke dag se inskrywing moet jou dag se ervarings weerspieël.

Kenmerke van 'n Dagboek

In 'n dagboek skryf 'n persoon dinge neer wat in sy/haar lewe gebeur. Nie almal skryf gebeure in 'n dagboek op nie, maar dis soms nogal interessant om jare later terug te kyk in jou dagboek! Daaruit kan jy duidelik elke dag se gebeure herroep. Dis goed om – wanneer jy groot is - terug te kyk oor jare heen en te sien wat het jou gelukkig gemaak, of ontstel, of hartseer gemaak, of kwaad gemaak (of wat ookal) toe jy 13 jaar oud was!

Wanneer jy in jou dagboek skryf, onthou die volgende:

- Dis 'n persoonlike verslag van eie ervarings van elke dag
- Inskrywings word gewoonlik in die aand, net voor jy gaan slaap, gemaak
- Die inskrywings gaan meer oor jou **gedagtes en emosies**, as oor gebeurtenisse
- Skryf in die eerste persoon (ek)
- Gebruik 'n informele gesprekstyl
- Skryf opreg en uit jou hart uit oor jou gevoelens
- Elke inskrywing moet 'n datum hê
- Skryf asof jou dagboek 'n persoon is met wie jy praat
- Skryf in volsinne
- 'n Dagboekinskrywing is baie persoonlik, daarom is jou dagboek nie vir almal om te lees nie
- Jy mag emoji's of klein sketsies byvoeg

VOORBEELD van tipiese dagboek-inskrywings:

Maandag 4 Mei 2020

Liewe Dagboek,

Vandag was 'n baie spesiale dag! Ek is SO gelukkig! Ek het toe die hondjie vir my verjaardag gekry! Ek moet nou gaan slaap – skryf môre toets! Snuffels lê saam met my onder die kombes en 'cuddle'. Sy warm lyfie laat my veilig voel.



Dinsdag 5 Mei 2020

Liewe Dagboek,



Wat 'n AAKLIGE dag! Ek het die toets gedop. Juffrou het alles gevra wat ek NIE geleer het nie. Snuffels het my nuwe skoene stukkend gekou terwyl ek by die skool was. Ek HAAT skool!!!!

Woensdag 6 Mei 2020

Liewe dagboek,



Die 'cool' groep meisies in die klas is SO jaloers op my! Ek wou huil vandag, maar ek wil nie vir hulle wys ek kry seer nie. Hopelik is môre 'n beter dag. Meisies kan so AAKLIG wees.

Gebruik die volgende bladsy vir jou eie dagboekinskrywings. Onthou om elke dag te skryf!

Maandag 11 Mei 2020

Dinsdag 12 Mei 2020

Woensdag 13 Mei 2020

Donderdag 14 Mei 2020

Vrydag 15 Mei 2020

Saterdag 16 Mei 2020

Sondag 17 Mei 2020

Maandag 18 Mei 2020

Dinsdag 19 Mei 2020

Woensdag 20 Mei 2020

Donderdag 21 Mei 2020

Vrydag 22 Mei 2020

Saterdag 23 Mei 2020

Sondag 24 Mei 2020
